Die Voortrekkers

T H A B A 2 0 18 - O N S T U IT B A A R

Vrydag, 26 Januarie 2018

Beste Staatmakers, Offisiere, Heemraadslede en Vriende

INSAKE: INSKRYWINGS VIR THABA KAMP 2018: VOLWASSENES

Graag nooi ons Staatmakers, Offisiere, Heemraadslede en Vriende uit na **Thaba Kamp 2018** wat plaasvind

2/3 – 8 APRIL 2018.

Volwassenes, Rigters, Padvinders, Brandwagte en Veldwagters meld aan 2 April 2018,
Veldontdekkers, Jagters, Bittereinders, Noodwerkers meld aan 3 April 2018*

Thaba Kamp is nie net nog ‘n Verkennerkamp nie, jy kom huistoe, waar lewenslange vriende op jou wag en ons vir mekaar omgee. Thaba bied hierdie jaar ‘n wye verskeidenheid NUWE veldwerk- en avontuurkursusse aan vir elke graadgroep - teen ‘n billike, verminderde fooi.

INSKRYWINGSINLIGTING en **BELANGRIKE INLIGTING** word hier onder verskaf. Lees asseblief beide noukeurig deur. Ons nooi elke Thabaniet, huidig en toekomstig, hartlik uit. Kom Thaba toe! Kom huis toe!

Vriendelike Thaba Groete
Willie Wagner
Kampleier ns Thaba Kampbestuur
*As jy vroeër moet kom as gevolg van ‘n saamry geleentheid, dui asb so aan op jou inskrywingsvorm

GELOOF
RESPEK
INTEGRITEIT
TROTS

navrae@thabakamp.co.za
http://www.thabakamp.co.za
https://www.facebook.com/ThabaKamp

INSKRYWINGSINLIGTING		
Nr	INLIGTING	
1.	**KAMPDATUMS EN AANMELDTYE**	1.**AANMELDING: Volwassenes, Rigters, Padvinders, Brandwagte** en **Veldwagters**: **09:00** op Maandag, **2 April 2018**. 2.**AANMELDING: Veldontdekkers, Jagters, Bittereinders** en **Noodwerkers: 09:00** op Dinsdag, **3 April 2018**. 3. **KAMPAFSLUITING**: 14:00 op Sondag, 08 April 2018 Niemand sal toegelaat word om te vertrek voordat die kamp verdaag het nie. 3. Spesiale reëlings word getref met die kampleier by: kampleier@thabakamp.co.za.
2.	**INSKRYWINGS**	1.Slegs elektroniese inskrywings word aanvaar. 2.Inskrywingsvorm: http://www.thabakamp.co.za/inskrywings 3.Kleuters/laerskoolkinders is ook welkom om saam met hul ouers te kom kamp. Kyk **Bylaag B –Kursusse en funksies** vir kostes 4. **Sperdatum** vir inskrywings: **Vrydag 9 Maart 2018**
3.	**KURSUSSE EN KAMPFOOIE**	Die lys van kursusse, funksies en kampfooie waaraan volwassenes kan deelneem, word gevind in **Bylaag B – Kursusse en funksies** of by: http://www.thabakamp.co.za/kursus-inligting/.
4.	**BETALING**	1.Betalings moet gemaak word aan Thaba Kamp by: Bank: ABSA Rekening Tipe: Tjekrekening Rekening Nommer: 310157287 Tak: Mall@Reds Takkode: 632 005 (EFTs) of 336 345 (kontant deposito's) Verwysing: **Ingeskrewe persoon se naam en van**. 2.Navrae insake betalings aan die kamptesourier, Beyers Gericke: finansies@thabakamp.co.za. 3.Bewys van betaling moet binne 5 werksdae na inskrywing gestuur word na: finansies@thabakamp.co.za. 4.Slegs na betaling sal bevestiging van aanvaarding van 'n inskrywing aan die aansoeker gestuur word. Indien so 'n bevestiging nie ontvang is binne 'n week wat die vorm ingedien EN die betaling gemaak is nie, kontak: administrasie@thabakamp.co.za.
5.	**ONTTREKKINGS**	1.**Na 9 Maart 2018** word **geen kampfooi** met onttrekking **terugbetaal** nie.

INSKRYWINGSINLIGTING		
Nr	INLIGTING	
		2.Sou ‘n persoon onttrek, kan ‘n ander persoon in sy / haar plek kom kamp. Só ‘n reëling kan getref word met die kampsekretaresse. 3.Navrae insake onttrekkings by die kampsekretaresse by: administrasie@thabakamp.co.za.
6.	**INPAKLYS EN UITRUSTING WAT VERSKAF WORD**	1.**PETTE WORD NIE MEER AAN ALMAL VERSKAF NIE**. KYK ASSEBLIEF OP DIE INPAKLYS. THABA SE GEKAMOEFLEERDE FIDELPETTE KAN EGTER AANGEKOOP WORD TEEN R80.00. **DIT KAN OOK SAAM MET DIE INSKRYWINGSFOOI INBETAAL WORD.** 2.Elke Thabaniet ontvang ‘n **T-hemp** 2.Die **inpaklys** is beskikbaar by: http://www.thabakamp.co.za/inpaklys
7.	**TERREIN**	1.GPS koördinate van die hek is: 25° 31’ 22.47” Suid; 27° 40’ 25,61” Oos. 2.Besigtig die terrein by: https://goo.gl/maps/I1Mej 3.Aanwysings na die terrein is as volg: Ry via die Hartbeespoortdam op die R511 na Brits. Ry deur die dorp, sonder om af te draai, met die Thabazimbipad. Volg die Thabazimbipad (steeds R511) Noord vir ± 11 km. Draai links by die BETHANIE afrit (borde wys BETHANIE SAPS, ”Walk with Lions”, Ukutula Lodge Lion Park). Volg die pad (sonder om weer af te draai) vir ± 8 km (laaste 3 km is openbare grondpad). Draai links by Thaba naambord, 100m na die hoogspanningsdrade oor die pad. .
8.	**VERVOER**	**Eie vervoer na en van die kamp**. Dit word ten sterkste aanbeveel dat saamry geleenthede gereël word om hierdie koste tot ‘n minimum te beperk.
9.	**VERBLYF**	1.**Volwassenes** verskaf hul **eie tente** 2.Slegs **getroude pare** en ouers/kleuters/laerskoolkinders **mag ‘n tent deel**. 3.Ongetroude lede van die teenoorgestelde geslag, word nie toegelaat om ’n tent te deel nie 4.**Verkenners** van wie die ouers op die kamp is, deel nie tente met ouers nie, maar **bly saam met hulle mede-kursusgangers**.

BELANGRIKE INLIGTING		
Nr	INLIGTING	
1.	**VROEË AANMELDING**	1.Indien jy beplan om **vroeër op die terrein** te wees, moet jy dit **aandui op die inskrywingsvorm** en sodanig ‘n reëling tref met die kampleier. 2.Die **eerste ete** wat die kombuis sal voorberei is die **aandete van Maandag, 2 April 2018**. Enige etes voor dan moet self voorsien word. 3. Reëlings vir vroeê aanmelding moet getref word met die kampleier by: kampleier@thabakamp.co.za.
2.	**SNOEPIE**	Daar sal ‘n snoepie tydens die kamp bedryf word waar lekkergoed, koeldrank en aandenkings beskikbaar gestel word.
3.	**THABA PETTE**	1.**THABA SE KURSUSPETTE WORD NIE MEER AAN ALMAL VERSKAF NIE**. KYK ASSEBLIEF OP DIE INPAKLYS. 2.THABA SE **GEKAMOEFLEERDE FIDELPETTE** WORD NOU DIE **KAMPDRAG** EN KAN AANGEKOOP WORD. 3. **VELDONTDEKKERS, JAGTERS** en **PADVINDERS** ontvang wel fidelpette. 4. **Brandwagte, Veldwagters** en **Padvinders** ontvang ongemerkte werkspette
4.	**SIGARETTE, DRANK, DWELMS EN ITEMS VAN SEKSUELE AARD**	1.Die gebruik of besit van enige tabakprodukte/e-sigarette deur Verkenners is verbode. 2.Volwassenes **rook nie in die teenwoordigheid/binne sig van jeuglede** nie. 3.Die gebruik of besit van waterpype (hubbly bubblies), drank, dwelmmiddels en items van ‘n seksuele aard is vir **alle kampgangers** streng verbode. 4.LET WEL ! Thaba handhaaf ‘n GEEN ALKOHOL beleid. 5.‘n Inskrywing vir Thaba Kamp impliseer dat hierdie voorskrifte verstaan en nagevolg sal word en dat die kampganger sy / haar besittings sal onderwerp aan deursoeking deur lede van die kampdagbestuur, in die geval van ‘n oortreding of waar so ‘n oortreding vermoed word. 6.Indien gevind word dat ‘n persoon hierdie beleid oortree, kan die persoon aangesê word om die kamp te verlaat.
5.	**SAPD / SANW UNIFORMS**	1.Dit is ‘n kriminele oortreding (Verdedigingswet No 42/2002, Hoofstuk 17, Artikel 5) om die huidige SAPD of SANW uniformstukke ongemagtig te besit of te dra. Laat asb sulke uniformstukke by die huis. Buitelewe- en klerewinkels het ook “kamoefleerdrag” as jy dit graag wil dra. 2.Indien enige SAPD of SANW uniformstukke deur ‘n ongemagtigde persoon gedra word, kan dit deur lede van die SANW gekonfiskeer en aan die Militêre Polisie oorhandig word.

BELANGRIKE INLIGTING		
Nr	INLIGTING	
6.	**VRYWARING**	1.Die standaard vrywaring vir jeuglede, van Die Voortrekkers, is van toepassing en deur ‘n Verkenners in te skryf aanvaar die ouer of wettige voog sodanige vrywaring. 2.Die vrywaring is gepubliseer op Thaba Kamp se webblad by http://www.thabakamp.co.za/inskrywings/. 3.Die kampdagbestuur van Thaba Kamp behou die reg om enige inskrywing vir Thaba Kamp 2018 te weier.

BYLAAG A – KAMPBESTUUR

AMP / KURSUS	NAAM EN VAN	KONTAK NR	E-POSADRES
Kampleier	Willie Wagner	082 921 3822	kampleier@thabakamp.co.za
Programkoördineerder	Marnette Vermeulen	082 827 8322	
Kampsekretaresse	Janina Schultz	083 686 8644	administrasie@thabakamp.co.za
Tesourier	Beyers Gericke	074 587 4663	finansies@thabakamp.co.za
Kamptesourier	Retha Wagner	084 628 1312	
Hoof Veldwagmeester	Jacques Botha	084 505 5733	
Veldontdekkers	Petra Bester	082 392 1856	
Jagters	Hendrik de Klerk	084 569 0719	
Bittereinders	Willie Randall	072 103 7550	
Noodwerkers	Jaco van der Walt	072 312 7722	
Brandwagte	Heinrich Venter	073 192 2566	
Veldwagters	Nela Wagner	084 880 3355	
Padvinders	Wim Wagner	082 990 3296	
Rigters	Rikus Fischer	083 446 4502	
Raakvatters	Gerhard Schultz	083 445 7226	

BYLAAG B –KURSUSSE

VOLWASSENES		
KURSUS / FUNKSIE	**FOOI**	**BESKRYWING**
RAAKVATTERKURSUS	**R790.00**	Die spanhanteringkursus, tesame met die algemene veldvaardighede soos kaart en kompas, touwerk, skuilingbou, seremonies en mentorskap word aangebied. Die kursus is ontwikkel vir nuwe Verkenner spanoffisiere, sowel as ervare offisiere wat meer wil leer oor die aanbieding van vaardighede vir Verkenners
MENTOR of **INSTRUKTEUR** by ‘n kursus	**R750.00**	‘n **Mentor** is gewoonlik ‘n jonger volwassene wat ‘n span van sowat 10 Verkenners lei, begelei, fasiliteer en mentor in die aanleer van die kursusvaardighede, mensvaardighede en Thaba se waardestelsel. ‘n **Instrukteur** is gewoonlik ‘n veldkenner en/of gevestigde volwassene wat as vakspesialiste die kursusleier bystaan in kennis- en vaardigheids-oordrag. ‘n Mentor/instrukteur kies gewoonlik die kursus om by in te skakel, maar kan gevra word om by ‘n ander kursus diens te doen. Padvinder- en Rigter mentors/instrukteurs word genooi om aan die kursusse deel te neem.
VELDWAGMEESTER	**R635.00**	‘n **Veldwagmeester** hou die kamp se infrastruktuur in stand en lewer logistieke steun aan kursusse in die veld.
KOMMUNIKATOR	**R750.00**	‘n **Kommunikator** kommunikeer kampaktiwiteite deur middel van foto’s videos en “nuusberigte” na alle kampgangers en dra die beeld van die kamp uit na buite deur sosiale media. ‘n Kommunikator tree ook op as skakelbeampte vir die kamp
NOODHULPBEAMPTE	**R750.00**	Die **Noodhulpbeampte** (“Medic”) is ‘n opgeleide mediese/paramediese/noodmediese persoon wat noodgevalle stabiliseer, sowel as ligte beserings behandel en geringe klagtes hanteer.
SJEF	**R330.00**	‘n Sjef berei maaltye voor onder leiding van die kampspysenier. Grootmaat voedselvoorbereiding in ‘n goed-toegeruste, semi-primitiewe kombuis lei tot ‘n onvergeetlike ervaring
KLEUTER	**Gratis**	Kinders tot en met Gr R. (ontvang nie ‘n t-hemp)
LAERSKOOLKIND	**R330.00**	Kinders Gr 1 tot en met Gr 7. (T-hemp ingesluit)

VERKENNERS (vir informasie)			
KURSUS *SO Kenteken 1* *Kenteken 2*	**Gr**	**FOOI**	**BESKRYWING**
VELDONTDEKKERS *Veldstudie* *Kamplewe*	8	**R920.00**	Ontdek die veld deur ervaring. Leer die veld ken soos nog nooit te vore nie. Jy sal nooit weer bang wees vir wat die veld kan oplewer nie.
JAGTERS *Jag en Wildbeheer* *Boogskiet*	8	**R920.00**	Leer in hierdie kursus van jagtegnieke, wildbeheermetodes en talle ander vaardighede op hierdie gebied. Na hierdie kursus het jy ook eerstehandse ervaring van boogskiet en boogjag.
BITTEREINDERS *Veldvernuf* *Paraatheid*	9	**R940.00**	Hierdie kursus is aangepas om vir jou 'n oorlewingservaring te gee soos min. Jy leer nie net oorlewingsvaardighede nie, jy ervaar dit! En natuurlik is selfbeveiliging in ramp/noodsituasies deel van oorlewing.
NOODWERKERS *Nuwe Veldredding SO* *Kaart- en satelietkompas*	9	**R940.00**	Soek en redding is 'n noodsaaklik vaardigheid vir veldmense soos ons. Pak en dra van rugsakke, kaartlees, touwerk, radiospraak, en noodhulp is noodsaaklike vaardighede vir 'n noodwerker. Samewerking met ander organisasies en 'n lewensgetroue oefening maak hierdie kursus een groot avontuur.
BRANDWAGTE *Kampbeveiliging* *Radiospraak*	10	**R960.00**	Rampbestuur, gebeurlikheidsbeplanning, selfverdediging, makkerhulp – alles deel van die Brandwagte ervaring, wat terselfdertyd 'n noodsaaklike diens aan die kamp lewer. Enig in sy soort, waar rondsit en niksdoen nie bestaan nie… **Brandwagte moet voor 09:00 op Maandag, 2 April aanmeld.**
VELDWAGTERS *Veldwagter* *Radiospraak*	10	**R960.00**	Die veldwagter leer om wild in sy habitant te ken, te verstaan en te beskerm. Terselfdertyd is die veldwagter in staat om wildstroping te identifiseer en per radio hulp te ontbied. Die veldwagter leer om die veld te ken en gemaklik en veilig daarin te leef. **Veldwagters moet voor 09:00 op Maandag, 2 April aanmeld.**
PADVINDERS *Veld Selfbehoud* *Waardes*	11	**R980.00**	Thaba se unieke Padvinderkursus help die Verkenner om hom- / haarself te leer ken onder omstandighede waar die ware self na vore kom. Professioneel gefasiliteer deur spesialiste het die Padvinders 'n onvergeetlike leerervaring. Geen liggaamlike of geestelike aftakeling word enigsins toegepas nie. Maar jy moet besef – Thaba Padvinders is enig en die beste in sy soort. **Padvinders moet voor 09:00 op Maandag, 2 April aanmeld.**
RIGTERS *Dienaar-Leier* *Burgerskap* **(slegs per uitnodiging)**	12	**R980.00**	Vaardighede wat tydens die vorige kursusse opgedoen is, sowel as addisionele lewensvaardighede, word bevestig en afgerond. 'n Heerlike ervaring wag op hulle wat baie hard daarvoor gewerk het. **Rigters moet voor 09:00 op Maandag, 2 April aanmeld.**
KOMMUNIKATOR *Kommunikasie* *Joernalistiek*	10 11 12	**R825.00**	Op versoek (**uitsonderlike gevalle**) word hierdie kursus dmv indiensopleiding aangebied.
ASST-VELDWAGMEESTER *Nutsman*	10 11 12	**R825.00**	Op versoek (**uitsonderlike gevalle**) word hierdie kursus dmv indiensopleiding aangebied .